

5. Omgeepapier 19 - 24 Februarie 2024

'n Kind van die Here is 'n Getuie van die Here se Goedheid, of 'n Sendeling!

1. 'n Paar (Sending / godsdiens) statistieke soos op 13 Februarie:

- Wêreld bevolking staan op 8 Biljoen, dws 8 duisend miljoen
- Christene ongeveer 2.6 Biljoen dws 2.6 duisend miljoen (ongeveer 1/3 van wêreld bevolking);
- Dws ongeveer 2/3 van 8 duisend miljoen (5.3 Biljoen) is nog verlore / het nog nie van Jesus gehoor nie!
- 4.7 Biljoen mense is In die 10/40 venster (dws Noord Afrika, Oos Afrika, Midde-Ooste (Palestina, Arabië, Irak, Iran, Afganistan) Indië, Sjina, Maleisië) - Hoofsaaklik Moslems, Boedhiste, Hindoes
- En minder as 2% van 10 / 40 venster mense is Christene
- Die orige 70 miljoen ongelowiges is versprei oor die res van die wêreld

2. Lees weer Joh 3:16 9.

2a. Vraag - Besef jy dat jy jou (ewige) lewe aan die Here Jesus se liefde te danke het?! **Lees ook Mark 1:40- 42 en 45a.** (Jesus genees 'n melaatse)

2b. Vraag - Uit watter soort "melaatsheid" / "onreinheid" / "moeras" / "gevangenis" / sonde / verlorenheid het die Here Jesus jou bevry / verlos?

3. Lees Mark 16:15; Matt 28:19; Luk 24:49; Hand 1:8.

3a. Vraag - Wat vra Jesus van sy Volgelinge / dissipels?

3b. Vraag - Vir wie vertel jy ooit van Jesus se goedheid aan jou?

3c. Vraag - As jy jouself as 'n volgeling / dissipel van Jesus beskou, watter sendelinge / organisasies help jy / gee jy 'n geldelike bydrae om die evangelie (die Goeie Nuus van Jesus se verlossing) te verkondig, hetsy in Rietfontein, Pretoria, Gauteng, Suid - Afrika, of in ander uiteindes van die aarde?

4. Gebedsversoeke: Waarvoor / vir wie kan ons bid? Waarvoor kan ons vir die Here dankie sê?

5. Kontak besonderhede van Sending Organisasies

- Rietfontein Suid se Sending aksies (Olive Shoot, Mosambiek Sending, Laudium) - kontak Jeanette de Beer - 082 372 5811
- Operasie Mobilisasie Suid Afrika
Epos: info.za@om.org
Private Bag X03
Lynnwood Ridge
0040
Pretoria
South Africa
Tel +27 879800 048
- FEBA Radio
<https://febaradio.co.za>
Address: 683 8th Avenue,
Mayville,
Pretoria,
0084
Phone: 012 335 5708